Siyanazisa!

Volume 2 Junie 2011 Bly op hoogte

South African Board for SHERIFFS
Upholding the Dignity of Those We Serve

Mrs Charmaine Mabuza

Van die voorsitter:

As waarnemende voorsitter van die SA Baljuraad is ek bly om te kan aankondig dat die huidige Raad 'n omvattende strategiese plan vir 2011 opgestel het. Teen hierdie tyd weet julle al ons doelwitte word teen 'n rasse skrede geïmplementeer. Om ons visie te verwesenlik, het ons 'n nuwe uitvoerende bestuurder, me Alethea Percival, op 1 Junie 2011 in ons span verwelkom.

Een van ons grootste prestasies sal die stigting van 'n raadgewende forum wees wat geheel en al verteenwoordigend is van julle, ons vernaamste belanghebbendes. Ons het seker gemaak dat 'n uiters nodige afslaersvaardigheidsprogram vanjaar by ons jaarlikse opleidingsprogram gevoeg word. Ons regsafdeling is uitgebrei en sluit nou 'n getrouheidsfondskomitee en ook 'n staande tugkomitee in. Die aanstelling van 'n interne ouditeur/ inspekteur word as fundamenteel tot ons administrasie beskou en ons het dus 'n volwaardige inspektoraatafdeling tot stand gebring om ons met ons regulatoriese funksies behulpsaam te wees.

Ons het van die vele veranderinge in wetgewing kennis geneem en sal probeer om die balju se status te verhoog en sy belange op alle vlakke te beskerm. Ons beskou kwessies soos die Wet op Verbruikersbeskerming en verkoopvoorwaardes asook bankkontroversies as prioriteite en sal seker maak dat julle bekommernisse in ag geneem word.

Ons doen 'n beroep op julle as sleutelbelanghebbendes om hierdie inisiatiewe te ondersteun aangesien dit daarop gemik is om die beeld van die professie te verbeter en die Raad se dienste meer vaartbelyn te maak. Dit is belangrik dat julle as balju's en jul personeel jul pligte so uitvoer dat ons almal as kollegas trots kan wees. Ons, die verkose lede van die professie en benoem deur die justisiekluster, verbind ons hiermee om steeds die beste belange van die baljusektor op die hart te dra.

Welkom aan die nuwe uitvoerende bestuurder

Me Alethea Percival

Die SA Baljuraad het me Percival vanaf 1 Junie 2011 in diens geneem om sy strategiese doelwitte te dryf.

Sy is 'n goed gekwalifiseerde professionele persoon met onder andere 'n BA (regte) LLB as een van haar tersiêre prestasies.

Haar werkgeskiedenis sluit poste by die volgende instansies in:

- *Onafhanklike Klagtedirektoraat,*
- *Nasionale Vervolgingsgesag,*
- *Departement van Justisie,*
- *Buro vir Justisiehulp.*

IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA

WES-KAAPSE HOë HOF, KAAPSTAD

SAAKNOMMER: *26018/2010*

In die saak tussen:

***ABSA BANK BEPERK** .....Aansoeker en*

***DIE BALJU VAN DIE HOë HOF SIMONSTAD** .....Respondent*

Hierdie saak was 'n dringende aansoek by die hof om 'n verkoop in eksekusie te kanselleer waarmee die balju van Simonstad op versoek van Absa Bank wou voortgaan. Die bank het dit gedoen in 'n poging om die verrekening van die debiteur se skuld aan die eerste verbandhouer teen die koopprys te regverdig, sou die eksekusiekrediteur die koper in verkope in eksekusie van vaste eiendom deur eersteverbandhouers raak.

Gaan na **www.sheriffs.org.za** vir meer hieroor.

"Die regterlike amptenaar en die invordering van onderhoudsverpligtinge"

9 Junie 2011 – die 4de "Wêrelddag van die Regterlike Amptenaar"

Die SA Baljuraad het hierdie internasionale geleentheid gesteun deur alle Suid-Afrikaanse balju's te vra om deel te neem. Die mikpunt is om die aandag te vestig op die maatskaplike rol van die "regterlike beampte" onder al die regterlike amptenare van die UIHJ-lidlande.

Hierdie onderwerp oor onderhoud bied 'n geleentheid om al die balju se gesinsregaktiwiteite aan die publiek te wys. Ons het gevoel die balju se rol wanneer hy/sy 'n onderhoudsverpligting invorder, moet benadruk word: hy/sy stel 'n gesin wat verlaat is, in staat om die middele te bekom wat vir hul lewensbestaan en maatskaplike oorlewing nodig is.

Ons het mediaverklarings in die Sunday Times, The Times, Sowetan/Sunday World en The Daily Despatch/ Herald/Weekend Post laat publiseer om die rol van die balju te bevorder. Ons het 'n beroep op balju's gedoen om pamflette ("Who is the Sheriff" en "Myths and Facts") by landdroshowe uit te deel. Ons het hulle ook aangemoedig om warm sop en verversings te bedien aan die ma's en babas wat (in die gange en op die banke) by howe sit en wag. Ons laaste versoek aan balju's was om in die lig van die nasionale aksie vir 9 Junie 2011, op hierdie dag (dalk een of twee dae) gesins-, egskeidings- en onderhoudsverwante dokumente gratis te beteken.

Ons is uiters dankbaar teenoor diegene wat deelgeneem het en so vrygewig was in hul bystand aan die vroue en kinders van hierdie land. As jy 'n bewys het van jou betrokkenheid by hierdie geleentheid deur foto's wat jy geneem het en jy daarby 'n kort verslaggie kan skryf, sal ons dit graag op ons webwerf wil plaas. Ons sal dit ook gebruik om die departement en die media oor die bydraes van ons balju's in te lig.

BELANGRIKE KENNISGEWINGS

1. Teken asseblief die volgende geleentheid in jou dagboek aan: die ope algemene jaarvergadering van die SA Baljuraad by Sibaya Casino, KZN op 15 September 2011.
2. Let asseblief daarop wetlike verpligtinge teenoor die Raad teen die einde van Julie 2011 verskuldig is.